NASIONALE JEUGSKOU

MELKBOK KENNISHANDLEIDING

2006



INDEKS

RASSE EN EIENSKAPPE 2

KORT GESKIEDENIS
- Saanen 2
- Toggenburg 2
- Britse Alpine 2

ALGEMENE INLIGTING
- Akkommodasie 3
- Kooigoed 3
- Voeding 3
- Teling 3
- Basiese kuddewelsyn 4
- Interne parasiet 4
- Eksterne parasiete 4
- Mastitis / uier-ontsteking 4
- Ander siektes waarteen ingeënt kan word 5

ANDER WETENSWAARDIGHEDE 5

VOORBEREIDING VIR SKOU
- Reiniging 5
- Haarsny 5

SKOU 6

PRODUKTE
- Bokmelk
- Ander produkte

DELE VAN 'N MELKBOK

MELKBOKKE

1. RASSE & EIENSKAPPE

1.1 In Suid-Afrika is daar hoofsaaklik drie melkbok-rasse, naamlik:
- 1.1.1 Die Saanen
- 1.1.2 Die Toggenburg
- 1.1.3 Die Britse Alpine

2. Van die drie is die Saanen die algemeenste in Suid-Afrika en die meeste Suid-Afrikaanse melkbok-boere verkies blykbaar hierdie ras.

3. KORT GESKIEDENIS

3.1 DIE SAANEN

Die Saanen is 'n Switserse ras wat aanvanklik uit die Saanen-vallei in die suide van die Bern-kanton in Switserland kom. Dis 'n wit bok, verkieslik met swart pigmentasie op die vel, die sigbaarste as kolle of vlekke op die uier, ore en neus/bo-lip.

- 3.1.1 Volwasse ooie weeg ongeveer 70 kg en volwasse ramme sowat 90-100kg.
- 3.1.2 Sowel die ooie as die ramme het horings, maar onthoring het om praktiese redes, soos dat die bokke mekaar beseer, of heinings beskadig, 'n algemene praktyk geword.
- 3.1.3 Bokbaarde en tossels (of lelle) is vry algemeen, op sowel ramme as ooie, maar nie een van die twee is 'n noodsaaklike eienskap van die ras nie.
- 3.1.4 Die Saanen is een van die beste melkbokke en dis nie ongewoon dat 'n ooi tussen 1 500kg tot 2 000 kg per soogtyd lewer nie.
- 3.1.5 'n Saanen-ooi hou die wêreldrekord vir melkopbrengs vir bokke. Sy het 3 506kg melk tydens haar tweede soogtyd gelewer.
- 3.1.6 Die gemiddelde opbrengs wat in kommersiële melkbok-boerdery van die Saanen verwag kan word, is 900 tot 1 000kg per soogtyd/laktasieperiode.
- 3.1.7 Die feit dat die Saanen so 'n mak en bedaarde bok is, maak dit besonder geskik vir intensiewe melkbokboerdery.

3.2 DIE TOGGENBURG

- 3.2.1 Die Toggenburg is van die St Gallen-kanton in Switserland afkomstig.
- 3.2.2 Dit is ligbruin van kleur met wit strepe oor die gesig, wit onderbene en wit om die stert.
- 3.2.3 Ramme, en soms ook ooie, het baarde en albei het horings. Dis algemene praktyd om hulle te onthoring.
- 3.2.4 Dis 'n effens kleiner bok as die Saanen. Die ooie weeg gemiddeld 60kg en die ramme sowat 75kg.
- 3.2.5 Hulle melkproduksie is effens laer as die van die Saanen, maar hulle is oor die algemeen goeie melkbokke en word verkies as die gehalte van die melk in terme van bottervet en totale vaste produkte belangrik is.
- 3.2.6 Omdat dit nie dieselfde mak geaardheid as die Saanen het nie, is die Toggenburg nie normaalweg die eerste keuse vir grootskeepse kommersiële eenhede nie.

3:3 DIE BRITSE ALPINE

Hierdie ras is uit 'n enkele Switserse ooi in Brittanje geteel.

- 3.3.1 Die Britse Alpine het kort, blink swart hare met kenmerkende wit strepe oor die gesig, onderbene en is wit om die stert.
- 3.3.2 Die Britse Alpine word algemeen as effens geharder as die ander rasse uit Switserland afkomstig, beskou en gevolglik ook as beter geskik vir minder intensiewe ondernemings.

4. ALGEMENE INLIGTING

(Die bespreking wat hier volg is oor die algemeen op die Saanen-ras van toepassing, omdat dit die mees algemene in Suid-Afrika is.)

4.1 Akkommodasie

4.1.1 Dis welbekend dat Saanenbokke droë weer verkies en 'n besondere afkeer in nat, reënerige of winderige toestande het.

4.1.2 Om hierdie rede is dit absoluut noodsaaklik dat behoorlike akkommodasie voorsien word waar die bokke kan droog bly en tydens winderige and reënerige toestande die nodige beskerming kan hê.

4.1.3 Hulle het 'n oop gebou met baie vars lug nodig en wat skuiling teen reën en wind bied. 'n Tipiese bokskuur sal soliede mure van 1,6 tot 2 meter hoog hê met 'n dak wat op staal- of houtstutte rus en sowat 3 tot 3½ meter hoog is.

Gebrek aan behoorlike skuiling teen wind en reën het 'n nadelige uitwerking op die ooi se melkproduksie en veroorsaak algemene ongelukkigheid en ongerief by haar.

4.1.4 Die volgende faktore moet by die bou van 'n bokskuur in aanmerking geneem word :

4.1.4.1 Die gebou moet nie trekkerig wees nie.
4.1.4.2 Goeie ventilasie.
4.1.4.3 Nie te koud en nie te warm.
4.1.4.4 'n Skoon en higiëniese omgewing.

4.2 Kooigoed

4.2.1 Daar moet kooigoed op die vloer wees omdat bokke van nature skoon diere is.

4.2.2 Uit ervaring is gevind dat koringhooi nuttige kooigoed is, maar ander goed soos houtskaafsels is ook dienlik.

4.2.3 Benewens goeie skuiling moet daar 'n kamp wees waar die bokke vryelik kan rondwei sodat hulle genoeg oefening en vars lug kan kry.

4.2.4 Bokke is van nature nuuskierig. Daarom moet die heining stewig wees. 'n Enkele elektiese draad kan aangebring word om verder te help om die bokke binne te hou.

4.3 Voeding

4.3.1 In intensiewe melkbok-boerdery behoort die bokke sowat 2,5 kg of 'n proteïne-konsentraat van 14-16% in die vorm van suiweltablette of suiwelmeel te kry.

4.3.2 Daarbenewens moet die bokke genoeg gras of lusern (2,5-4 kg) kry om te verseker dat daar vir hulle genoeg ruvoer is.

4.3.3 Let daarop dat konsentrate in tabletvorm verkieslik is omdat suiwelmeel die diere se neuse kan verstop.

4.3.4 Daar moet 'n konstante voorraad skoon, koel drinkwater wees, want 'n bok kan van 4 tot 18 liters wat per dag drink, afhangende van die klimaatstoestande, die soort beskikbare kos, asmede ander faktore. Hierdie is baie belangrik omdat 'n bok min of meer 1,5 liter water nodig het om 1 kg melk te kan lewer. 'n Tekort aan water sal dus 'n regstreekse uitwerking op sy melkproduksie hê.

4.4 Teling

4.4.1 Bokke is baie seisoengebonde en teel in die herfs, vanaf Februarie tot April.

4.4.2 Die dragtigheidstydperk in 150 dae en in Suid-Afrika lam die ooie gewoonlik in die lente - dws gedurende Augustus en September, tot vroeg Oktober.

4.4.3 Dit is normaal dat 'n ooi meer as een lam kry en tweelinge is eerder die reël as die uitsondering.

4.4.4 Dis belangrik om toe te sien dat die lam binne 2 ure na geboorte drink, want die

melk (biés) wat die ooi die eerste paar dae na geboorte produseer, is ryk aan vette, proteïne en teenliggaampies. Die teenliggampies stimuleer die lam se immuniteitsisteem. Daarsonder sal die lam te swak word en vrek.

4.5 Basiese kuddewelsyn

4.5.1 Pootsorg.

Dit is uiters noodsaaklik dat oormatige kloutjiegroei minstens elke twee maande weggeknip word. 'n Bok se kloutjies moet, nes 'n mens se vinger- en toonnaels, nagegaan en gereeld elke ses weke tot twee maande geknip word. Knip die kloutjies tot dieselfde vorm as dié van 'n pasgebore lam. Volg hierdie stappe :

* Ankerbind die dier stewig.
* Maak die kloutjie deeglik skoon.
* Knip die wande van die kloutjie versigtig tot gelyk met die sool.
* Knip die hakke.



1. toon
2. wand
3. sool
4. hak
5. growe vuiligheid uit

4.5.2 As die kloutjies verwaarloos word, kan dit veroorsaak dat die bok lam word, ook dat dit maklik deur sweerklou-bakterieë besmet word.

4.5.3 Let daarop dat bokke op 'n ander manier as skape geankerbind word om die kloutjies te versorg. Bokke word nie soos skape op die rug omgekeer nie, maar word in 'n staande posisie geankerbind, terwyl die bene op 'n soortgelyke manier gehanteer word as dié van 'n perd wat beslaan word.

4.6 Interne parasiete

Bokke moet minstens tweemaal per jaar ontwurm word. Vra jou veearts se raad omtrent die ontwurmingprogram in jou gebied.

4.7 Eksterne parasiete

In gebiede waar baie bosluise is, moet bokke met gereelde tussenposes bespuit of gedip word.

4.8 Mastitis / uier-ontsteking

4.8.1 Mastitis / uierontsteking is 'n baie algemene siekte en goeie voorsoreg moet getref word om besmetting van die bokkudde te voorkom.

4.8.2 Om mastitis te voorkom, volg hierdie stappe :

4.8.2.1 Ondersoek die uier daagliks vir abnormale afskeidings.

4.8.2.2 Gebruik aanbevole speendip nadat gemelk is.

4.8.2.3 Handhaaf streng sanitêre gebruike.

4.8.2.4 Vee die uier met 'n droë lap of papierdoek skoon voordat gemelk word.

4.9 Ander Siektes waarteen ingeënt kan word:

4.9.1 Pasteurella
4.9.2 Blou uier
4.9.3 Bloednier
4.9.4 Besmetlike Misgeboorte

5. ANDER WETENSWAARDIGHEDE

5.1 'n Melkbok se gemiddelde lewensduur is van 7 tot 10 jaar.

5.2 'n Bok is 'n herkouer, wat beteken dat hy kos wat hy reeds gevreet het, na die mond terugbring om dit te herkou.

5.3 Bokke word tweemaal per dag gemelk, so na moontlik aan twaalf ure uitmekaar.

5.4 Die melkbok was een van die eerste diere wat deur die mens makgemaak is en voorsien hom al 7 000 jaar lank van skuilbedekking, kos en klere.

5.5 Vanweë sy veelsydigheid en geaardheid het die bok lank voor ander diere melk en melkprodukte aan die mens voorsien.

5.6 'n Bok se ouderdom kan vasgestel word deur die agt tande van die onderkaak na te gaan soos op die onderstaande sketse aangedui :



Eerste jaar



Tweede jaar



Derde jaar
(2-3 jaar oud



Vierde jaar
(3-4 jaar oud)



Vyfde jaar
(4 jaar oud+)

6. VOORBEREIDING VIR SKOU

6.1 Reiniging.
Was die hele lyf deeglik met 'n sagte seep wat nie die vel sal irriteer nie. Spoel dan deeglik af sodat die bok se natuurlike wit kleur ten beste vertoon.

6.2 Haarsny.

6.2.1 In Suid-Afrika is dit nie praktyk om die bok se lyfhare vir skoudoeleindes te knip nie.

6.2.2 Die stert se kanthare kan effens geknip word om 'n afgeronde voorkoms te bewerkstellig.

6.2.3 Die kloutjies moet behoorlik geknip word soos vroeër aangedui.

6.2.4 'n Halsband of ketting moet om die bok se nek gesit word vir hantering.

6.2.5 Die bok moet voor skoutyd daaraan gewoond gemaak word om vryelik saam met die hanteerder te loop en om behoorlik te staan.

7. SKOU

7.1 Die hanteerder se voorkoms moet netjies en skoonwees en hy moet paslik gekleed gaan. Die bok moet behoorlikvir die skou voorberei wees, soos vroeër verduidelik.

8. PRODUKTE

8.1 **Bokmelk**

Die belangrikste redes waarom mense bokmelk drink

8.1.1. Allergies vir ander melkprodukte

8.1.2 Bokmelk is makliker verteerbaar

8.1.3. Mense hou van variasie en die smaak

8.2 **Ander produkte wat van bokmelk vervaardig word**

8.2.1. Poeiermelk

8.2.2. Botter

8.2.3. Roomys

8.2.4. Joghurt

8.2.5. Kaas

DELE VAN 'N MELKBOK



1.	Oor	2.	Voorkop	3.	Brug van neus
4.	Neusgate	5.	Bek	6.	Lei
7.	Hartgordel	8.	Lyf	9.	Knie
10.	Voor-uier aanhegting	11.	Voor-uier	12.	Speen
13.	Speengat	14.	Kloutjie	15.	Kooi
16	Hak	17.	Agter-uier	18.	Sterwortel
19.	Stert	20.	Heup	21.	Rib
22.	Nek				

Melkbokke

1. Was en voorbereiding

Benodigdhede in trommel

Kleinskêr
Medium skêr
Waslap
Handdoek
Sjampoo
Klein lappie
Roulynolie
Hoef- of snoeiskêr
Halter of nylontou
Borsel
Emmer

(a) Maak die bok stewig vas, redelik kort en tap die emmer vol water.
(b) Draai die kraan matig oop, nie sterk nie.
(c) Begin die bok nat maak agter sy kop, oor sy liggaam en pens en bene.
(d) Gooi sjampoo vanaf sy agterkop tot by sy kruis. Onthou die bok se gesig mag nie natgemaak of met sjampoo in aanraking kom nie omdat dit 'n chemiese middel is wat kan brand.
(e) Gebruik nou jou vingers en was die bok van voor na agter oor die rug tot die stert. Was nou die linkersy dan regtersy tot voor die bors.
(f) Die pens word laaste gewas omdat alle vuilheid van bo af afloop. Heel laaste word die bene gewas en die kloutjies deeglik met die borsel geskrop.
(g) Neem nou die pyp en spoel die skuim deeglik af. Spuit teen die grein van die haar. Onthou geen skuim mag agterbly nie – veral onder die pens en bene.
(h) Neem die borsel en borsel die hare gelyk van voor na agter.
(i) Droog af met die handdoek.
(j) Neem die waslap, maak dit klam en vee die gesig af om sy bek, neusgate en oogholtes. Gebruik die waslap om binne die ore uit te vee, sonder om die waslagie te beskadig.

Voorbereiding

(a) Die bok is nou afgedroog. Gebruik die medium skêr en knip die baard onder die bek af. Knip die hare aan weerskante van die stert egalig +- 1 cm vanaf die vel. Moenie die stert se punt afknip nie.
(b) Gebruik die klein skêr om die hare om die bek asook om die ore se rante asook binne die ore te knip.
(c) Sny die kloutjies mooi gelyk met die snoeiskêr. Begin links voor.
(d) Knip die kloutjies se hare gelyk af en smeer roulynolie aan die kloutjies.
(e) Borsel nou weer die bok se hare sodat dit netjies vertoon.

Jy moet altyd jou bok so vertoon dat dit op sy beste lyk – net soos by 'n gewone skou. By die jeugskou word jy as hanteerder beoordeel en nie die bok nie. Die bokke word min of meer gehanteer soos deur die Telersgenootskap onderskryf word. Die volgende moet altyd onthou word wanneer jy die ring binnekom:

(a) Konsentrasie – vergeet van almal buite die ring.
(b) Behou oogkontak met die beoordelaar.
(c) Moet nooit tussen die bok en die beoordelaar beweeg nie.
(d) Netheid van jouself en die bok. Hou jou klere netjies, waterskoene skoon en die bok mag nie strooi of ander vuilheid aan hom hê nie.

(a) Kom nou die ring binne aan die linkerkant van die bok met jou regterhand aan die ketting. Loop regop kloksgewys sonder om die hoeke te sny.
(b) Moenie te vinnig loop nie en as jou bok steeks is, gebruik jou ketting deur dit liggies te ruk om die bok aan die beweeg te hou.
(c) Wanneer jy gevra word om te gaan staan, kyk dadelik na die bok se bene. Laat die voorvoete gelyk staan, regaf. Die agtervoete staan effe na agter gelyk of die regterkantse agtervoet verder na agter sodat die uier gesien kan word.
(d) Wanneer die bene reg is, gaan staan met jou gesig na die beoordelaar teen die bok se linkerblad en kyk op.
(e) Jy gaan nou gevra word om die bok se voorkant, sykant en agterkant na die beoordelaar te draai.
(f) Gebruik jou ketting en trek die bok reg. Kyk elke keer of die bok se bene reg staan en kyk op.
(g) Jy gaan nou weer om die ring beweeg. Die ringbeampte gaan julle aan die teenoorgestelde kant van die beoordelaar laat staan met julle rug na die beoordelaar en die bok kyk na voor.
(h) As die beoordelaar in die middel agter staan, moet die hanteerders van die middel na die regterkant, voor die bokke om "switch" en aan die regterkant gaan staan.
(i) Jy gaan nou gevra word om met jou bok tot voor die beoordelaar te kom en te stop. Daarna moet jy na die middel van die ring terugbeweeg, jou bok vertoon en na jou plek terugbeweeg.
(j) Doen alles met konsentrasie sodat jy nie tussen die beoordelaar en jou bok beland nie. Jy mag "switch" indien nodig.
(k) Stop sowat 1 meter vanaf die beoordelaar. Maak die bok se bene reg en kyk op. As hy vir jou die teken gee, draai om en gaan tot by die middel van die ring met jou bok dwars met sy kop regs van die beoordelaar. Maak die bok se bene reg en kyk op. Op sy teken beweeg terug na jou plek, maak die bene reg en staan regop.
(l) Julle gaan nou weer om die ring beweeg totdat julle gevra word om te gaan staan.
(m) Leer om die bok se ouderdom te ken. Maak sy bek oop met die linkerhand se duim en wysvinger.

(a) Kom die ring binne met jou regterhand aan die ketting en beweeg kloksgewys sonder om die hoeke te sny. Julle is gerangskik van groot na klein of van klein na groot. Die persoon in die middel gee die tekens.

(b) Almal moet eenvormig wees, verkieslik drie seuns of drie dogters en goeie samewerking.

(c) Julle klere en skoene moet presies eenders wees. Haal horlosies af. Dogters moet eenderse haarrekkies hê en hare eenders dra. Belts moet eenders wees.

(d) Behou oogkontak met die beoordelaar en sorg dat die spasies tussen julle dieselfde bly.

(e) Wanneer julle gaan staan, maak die bokke se bene gelyk reg. Voorbene regaf bymekaar en agterbene na agter effe van mekaar of regter agterbeen van die bok effens na agter. Onthou julle bokke moet eenders staan.

(f) Wanneer almal klaar is, gaan staan dwars voor die bok se linkerblad en kyk almal gelyk op.

(g) Julle gaan gevra word om die bokke in verskillende rigtings te draai, bv. voorkant, sykant en agterkant. Doen alles gelyk, maak elke keer die bene reg en kyk gelyk op. Behou die spasies tussen julle en moenie van die reling wegbeweeg nie.

(h) Gebruik elke keer die bok se ketting en trek die bok reg.

(i) Julle gaan nou weer om die ring beweeg tot aan die verste ent van die beoordelaar. Julle staan nou met julle rug na die beoordelaar. Vanaf die middel moet almal "switch" en aan die regterkant van die bok gaan staan.

(j) Julle gaan nou gevra word om met die bokke tot voor die beoordelaar te kom en te stop. Daarna moet julle na die middel van die ring terugbeweeg, julle bok vertoon en na julle plek terugbeweeg.

(k) Doen alles met konsentrasie sodat jy nie tussen die beoordelaar en jou bok beland nie. Jy mag "switch" indien nodig.

(l) Stop sowat 1 meter vanaf die beoordelaar. Maak die bok se bene reg en kyk op. As hy vir julle die teken gee, draai om en gaan tot by die middel van die ring. Staan dwars voor die beoordelaar met die bok se kop na regs. Maak die bokke se bene reg en kyk gelyk op.

(m) Op sy teken, beweeg terug na julle plek, maak die bokke se bene reg, en staan regop.

(n) Julle gaan nou weer gevra word om die ring te beweeg totdat julle gevra word om te gaan staan.